# Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 4 — GOD SE SENDING EN GEBED, Deel 2

*"Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid, omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en julle liefde tot al die heiliges, vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die woord van die waarheid van die evangelie, wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het."* – Kolossense 1:3-6

### Vinnige Groei

Die kerk van die Nuwe Testament het ontplof en vinnig gegroei. In antwoord op opregte, ernstige gebed was die Heilige Geees uitgestort in Sy volle krag. Drie duisend is op een dag op een plek gedoop. In Handelinge 4 wys die rekords dat, "baie van die wat die woord gehoor het, het geglo; en die getal van die manne het omtrent vyfduisend geword." (Handelinge 4:4). Indien ons vroue en kinders bytel sou die getal gelowiges 'n paar maande na Pinkster maklik 15,000–20,000 gewees het. Dwarsdeur die boek van Handelinge het die Kerk steeds vinnig gegroei. Handelinge 6 verklaar dat baie priesters of gelowige leiers gehoorsaam geword het aan die Woord (vers 7). Die verhaal word ook vertel van Fillipus wat in Samaria gepreek het, Paulus se sendingreise dwarsdeur die Meditireense lande, Petrus wat die Woord bestudeer saam met Cornelius, en die gelowiges wat gevul is met die Heilige Gees en begin het om die boodskap van Christus oral te verkondig. Die impak van die Evangelie was so groot dat die apostel Paulus kon verklaar dat die evangelie gepreek was aan die ganse mensdom onder die hemele (Kolossense 1:23).

Die ondervinding van die kerk in die Nuwe Testament dien as voorbeeld vir die kerk van vandag, terwyl ons wag vir die koms van ons Here. Wat was die sleutel tot hulle sukses? Waarom het die Kerk van die Nuwe Testament so vinnig gegroei? Laat ons ondersoek doen na 'n paar redes. Die Kerk van die Nuwe Testament het alles wat hulle gedoen het deurdrenk met gebed. Hulle lewens was ten volle toegewy aan en afhanklik van God. Hulle het erken dat hulle kragteloos was om Jesus se sending te volbring sonder Jesus se krag. Ellen White stel dit duidelik: "Ons oë moet gedurig op Jesus wees met die besef dat dit Sy krag is wat die werk doen. Hoewel ons baie ernstig moet werk vir die redding van sondaars, moet ons ook tyd neem vir oorpeinsing, gebed, en die studie van God's Woord. Alleen die werk wat verrig is met veel gebed en geheilig is deur die Verdienstes van Christus, sal op die ou end die beste resultate lewer." (*Koning van die Eeue*, bl. 367).

### God se Sending — God se Manier

Let noukeurig op hierdie opdrag. Dit is Christus se krag wat Sy werk deur ons volbring. Dit is nie ons wysheid, ons intellek, ons selfvertroue of ons kennis nie. Die wysheid vir sieleredding kom van Jesus. Die krag om lewens te verander is Christus sin en Christus sin alleen. Per slot van rekening, slegs die werk wat gedoen word met baie gebed en geheilig deur die meriete van Christus sal op die ou einde seëvier. God se sending moet op God se manier uitgevoer word.

Is daar 'n geliefde wat u graag in die Koninkryk van God wil sien? Is daar 'n vriend of 'n mede-werker wat Jesus nodig het? Is daar iemand wat u ken wat voorheen met Jesus gewandel het, maar weggedryf het? Skryf hulle name op 'n stukkie papier en plaas dit in u Bybel by 1 Johannes 5:14-17. Maak elke dag staat op die belofte van God vir u geliefdes. Laat ons sommer nou bid en vra dat God mense se name na ons gedagtes bring aan wie ons moet getuig en laat ons saam bid vir hulle.

## GEBEDSTYD (30-45 Minute)

### Bid God se Woord – Kolossense 1:3-6

"*Ons dank die God en Vader van onse Here Jesus Christus altyd as ons vir julle bid, omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en julle liefde tot al die heiliges, vanweë die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele, waarvan julle vroeër gehoor het deur die woord van die waarheid van die evangelie, wat julle sowel as die hele wêreld bereik het; en dit dra vrug, net soos onder julle ook, van die dag af dat julle dit gehoor het en die genade van God in waarheid leer ken het."*

### "Altyd as ons ...Bid"

*Vader, ons belei dat ons nie genoeg tyd in gebed deurbring nie. Menigmale vertrou ons op ons eie wysheid en ons eie planne in alles wat ons doen. En wanneer dit kom by die verrvulling van U sending, vra ons nie genoeg na U leiding nie. Vergewe ons asseblief. Help ons om 'n biddende kerk te word en 'n kerk wat op U vertrou vir sukses en nie op menslike planne en idees nie. Verander ons gebedslewe en bring 'n vernuwing in ons.*

### "Julle Geloof in Christus Jesus"

*Here, ons besef dat slegs dié werk wat uitgevoer word met baie gebed en geheilig deur die meriete van Christus, op die ou einde effektief sal wees. Help ons asseblief om opregte en intense gebede die hoogste prioriteit in al die sending pogings en aktiwiteite van ons kerk te maak, maar ook in ons persoonlike lewens en gesinne. Vermeerder ons geloof in U vermoë om U beloftes aan ons te vervul.*

### "Julle Liefde tot al die Heiliges"

*God van Liefde, U het ons geskep met 'n ewige kapasiteit om te groei in U liefde. Dankie dat U U liefde in ons harte uitstort sodat ons weer bemagtig word om diegene rondom ons lief te hê.*

### Meer Voorstelle vir Gebed

**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streeks- en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Open My Eyes (326); Give of Your Best to the Master (572); So Send I You (578);

*Adventlofliedere*: Jesus, die Troue Herder (182); U Roep Miskien oor die Berge Hoog (352); Saai die Saad van Liefde (363); Red wat Verlore Gaan (348)